# GRAAD 5 EAT

# BEGRIP, OPSOMMING, TAAL

## DEUR CHANTELLE PRINSLOO

**Vraag 1: Begripstoets**
Lees die teks "16 feite oor perde wat jy moet weet" hier onder deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A: Feitelike teks

16 feite oor perde wat jy moet weet



1. Die perd is ’n mak hoefdier (animal with hooves) en een van die ongeveer tien huidige spesies van die Equidae-familie.
2. ’n Jong perd word ’n vul genoem. Vullens kan reeds opstaan en loop ’n paar uur nadat hulle gebore is!
3. Die mens het reeds in 4 000 v.C. perde mak begin maak. Daar is wel wilde perde wat in die natuur leef.
4. Perde slaap meestal in ’n staande (standing) posisie.
5. In ’n trop sal daar gewoonlik een perd wees wat waghou terwyl die ander slaap.
6. Hulle tande vat meer spasie as wat hulle brein spasie vat.
7. Jy kan ’n perd se ouderdom skat deur na hulle tande te kyk.
8. Perde kan tot 30 jaar of ouer word.
9. Wanneer dit lyk of perde vir jou glimlag, is dit eintlik ’n manier waar hulle ’n beter reuksintuig beoefen.
10. Die gemiddelde (average) spoed wat ’n perd hardloop, is 43 km per uur. Die vinnigste spoed wat aangeteken (recorded) is, was ’n spoed van 70,76 km per uur!
11. Perde se oë is die grootste van al die ander landdiere.
12. Perde is nie heeltemal kleurblind (colour blind) nie. Hulle sien net sekere kleure duideliker as ander.

13. Perde word nie per voet, meter of duime gemeet (measured) nie, maar wel in hande. Byvoorbeeld, 15 hande.

14. Die geluid wat 'n perd maak, word 'n runnik genoem.

15. Perdehuise word stalle genoem.

16. Perde eet gras, hooi en hawer (oats) en geniet soms lekkernye soos appels en wortels. Maar hulle eet nie vleis nie – perde is herbivore, wat beteken dat hulle net plante eet.



(Aangepas, vertaal en verwerk vanaf https://af.wikipedia.org/wiki/Perd#:~:text=Die%20algemene%20term%20vir%20'n,natuur%20soos%20wilde%20perde%20leef;https://www.facebook.com/RadioRosestad/photos/a.243676579012177/3618649508181517/?type=3; https://color-en.com/af/exploring-the-majestic-world-of-horses-fun-facts-for-kids/)

1. Kies elke keer die mees korrekte antwoord.

1.1 Hoeveel spesies van die familie Equidae is daar in die wêreld?

A 8
B 9
C 10
D 11 (1)

1.2 'n Babaperd is 'n _____ .

A perdjie
B kalf
C vul
D bul (1)

1.3 Hoe slaap perde?

A Hulle lê.
B Hulle sit.
C Hulle slaap nie.
D Hulle staan. (1)

1.4 Perde kan meer as ___ oud word.

A twee en vyftig jaar
B dertig jaar
C dertien jaar
D meer as dertig jaar (1)

2. Beantwoord die vraag deur net een woord te gee.

2.1 Watter deel van die perd is die GROOTSTE van enige landdier? (1)
2.2 Watter geluid maak 'n perd? (1)
2.3 Soek die Afrikaanse woord vir "smile" in die teks. (1)
2.4 Noem DRIE dinge wat perde eet. (3)

3. Beantwoord die volgende vrae in VOLSINNE.

3.1 Hoe vinnig kan ’n perd hardloop? (1)

3.2 Waarom dink mense verkeerdelik (incorrectly) dat perde dalk kleurblind is? (1)

3.3 Haal ’n sinsnede (part of a sentence) aan wat bewys dat nie alle perde mak is nie. (1)

4. Maak die sin waar: Perde word per voet gemeet. (1)

5. Watter sin pas NIE?

A Perde se tande vat meer spasie as hulle brein.

B Perde se tande kan vir ’n mens sê hoe oud hulle is.

C Perde se tande help hulle om beter te ruik. (1)

**[15]**